OLX | PROPERTY24 | CAREERS24 | SPREE | MYSUBS |

MELD AF

29 Maart 08:31

15°C / 23°C

NUUS TYDSKRIFTE

"B"

NETWERK24
AL DIE NUUS, ALTYD BYDERHAND

SOEK PROFIEL KONTAK VOLG

NETWERK24 TUIS NUUS SPORT SAKE STEMME VERMAAK ONTSPAN VIDEO E-KOERANT

ONDERWYS

Unie swaai om oor godsdiens in skole

Deur **Elaine Swanepoel** | **12 Maart 2017 00:07**

In 'n oënskynlike ommeswaai oor godsdiens sê die vakbond waaraan die meeste Afrikaanse onderwysers in die land behoort nou dat skole hulself nie met slegs 'n enkele geloof moet identifiseer nie.

Die Suid-Afrikaanse Onderwysersunie (SAOU), vriend van die hof in 'n hofsaak waarin ses skole hof toe geneem word oor hul openlik Christelike etos, sê dit is nie in kinders se "beste belang" dat hulle slegs deur 'n enkele geloof op skool bedien word nie.

Die ommeswaai kom nadat die vakbond se uitvoerende hoof, Chris Klopper, vroeër gesê het die Organisasie vir Godsdiensonderrig en Demokrasie (Ogod), wat die skole gedagvaar het, "kan in die hel in vlieg" met hul saak en dat skole 'n spieëlbeeld van 'n gemeenskap is.

"As dit 'n Christelike gemeenskap is, gaan die etos van die skool natuurlik Christelik wees," het Klopper in 2014 by 'n simposium van skoolhoofde gesê.

Uit hofstukke wat die SAOU as vriend van die hof geliasseer het, blyk dit dat Klopper nou aansienlik minder vurig is oor skole se reg op 'n "Christelike etos". Nou sê die SAOU skole moet daarteen waak om hulle met 'n bepaalde geloof of beperkte stel gelowe te assosieer en dat dit nie in leerlinge se beste belang is om deur een geloof bedien te word nie. "Weens die ontvanklikheid van leerlinge en die manier waarop hulle aan die skool gebonde is, is dit nie in leerlinge se beste belang om deur een dominerende geloof bedien te word nie," lui die hofstukke.

Dit voer aan beheerliggame pas die Skolewet nie op dieselfde manier toe nie, en daardeur ontstaan die moontlikheid dat mense se regte geskend word. "Beheerliggame het die reg om te bepaal watter geloof in hul skool beoefen word, maar beleide moet steeds in lyn met die Grondwet wees. Onderwysers word dikwels vasgevang tussen teenstrydige bepalings van die beheerliggaam en die nasionale beleid."

Die SAOU betoog dat dit nie saak maak of die meerderheid leerlinge aan 'n skool Christene is, soos wat die skole in die saak aanvoer nie, omdat die minderheid se regte juis in só geval beskerm moet word.

"Dit is in elk geval onmoontlik vir skole om te alle tye die geloofsoortuiging van elke liewe leerling aan die skool te weet."

Ogod en sy voorsitter, Hans Pietersen, beweer dat die ses skole wat hulle hof toe neem se godsdiensbeleid ongrondwetlik is omdat hulle 'n Christelike karakter en etos bo ander gelowe bevorder. Ogod meen onderwysers moet alle godsdienstige beskouings met respek behandel.

In 'n onderhoud met *Rapport* verlede jaar het Pietersen gesê dit sluit selfs satanisme in.

Terwyl Pietersen verheug reageer het op die nuus van Klopper se oënskynlike koersverandering, het die ander partye in die saak met skok gereageer.

Paul Colditz, uitvoerende hoof van die Federasie van Beheerliggame van Suid-Afrikaanse Skole (Fedsas) wat die skole verteenwoordig, sê hy lei uit die hofstukke af dat "die SAOU ons ook nou teenstaan".

HOOFTREKKE GEWILDSTE

Gordhan weet, sê Malema

Kathrada 'was net so belangrik soos Mandela'

Zuma wil nie sê oor belasting op Nkandla

Net 16,8% water vir gebruik in Kaap se damme

Nuwe hoof vir Ford 'het niks met Kugas te doen'

Kry jou e-koerant van vandag **HIER!**

Beeld **DIE BURGER**
Volksblad **Rapport**

NETWERK24 Stemme

Johann Maarman
Rubriekskrywer
Johann Maarman is 'n adjunk-redakteur van Die Burger en 'n bekroonde rubriekskrywer

'Helen Zille, jy is nou op jou eie'

In oom Zuma se fantasiewêreld

ALLE REGTE VOORBEHOU © 2017 MEDIA24

MELD AF

beleid van godsdiens in skole.

"Dit is dus vir ons moeilik om te glo dat die SAOU 'n mandaat van al sy lede het om die standpunt te huldig soos vervat in die hofstukke," sê Bailey.

Klopper hou egter vol dat sy huidige standpunte nie teenstrydig is met wat hy vroeër gesê het nie en sê hulle staan steeds Ogod se aansoek teen.

"Ons ondersteun nié vir Hans Pietersen nie. Ons meen skole moet self besluit oor hul geloofsbeleid, solank niemand se regte in die uitvoering daarvan geskend word nie."

Maar Pietersen sê Klopper se ommeswaai is " 'n verrassende wending" en "baie goeie nuus".

Klopper sê hulle het op regsadvies hul voorlegging verander, sodat dit in ooreenstemming is met die nasionale onderwysbeleid.

Dié bepaal dat gelowe in skole beoefen mag word soos vasgestel deur die beheerliggaam, mits alle gelowe op gelyke basis beoefen word en nie op leerlinge en onderwysers afgedwing word nie.

Pietersen het benadruk dat hy nie godsdiens heeltemal uit skole wil verwyder nie, maar wil verseker dat alle gelowe gelyke blootstelling kry. "As 'n skool dus 'n vers uit die Bybel op hul muur het, moet hulle 'n vers uit die Koran ook opsit."

Die saak tussen Ogod en die Laerskool Randhart in Johannesburg, die Laerskool Baanbreker in Boksburg, die Laerskool Garsfontein in Pretoria, die Hoërskool Linden in Johannesburg, die Hoërskool Oudtshoorn en Langenhoven Gimnasium in Oudtshoorn kom op 15 tot 17 Mei voor.

Die betrokke skole het by navraag gesê amper al hul personeel is SAOU-lede. 'n Uitsondering is Langenhoven Gimnasium, waar 13 uit 33 personeellede aan dié unie behoort, en die Hoërskool Oudtshoorn, waar 20 uit die 30 SAOU-lede is.

Meer Stories

- SAOU tree toe tot hofsaak oor godsdiens op skool
- 'Onnies wat evolusie verwerp, moet afgedank word'
- Ogod-hofsaak 'n 'waterskeiding' vir geloofsvryheid

MyStem: Het jy meer op die hart?

Stuur jou mening van 300 woorde of minder na MyStem@netwerk24.com en ons sal dit vir publikasie oorweeg. Onthou om jou naam en van, 'n kop-en-skouers foto en jou dorp of stad in te sluit.

Ons kommentaarbeleid

Netwerk24 ondersteun 'n intelligente, oop gesprek en waardeer sinvolle bydraes deur ons lesers. Lewer hier kommentaar wat relevant is tot die onderwerp van die artikel. Jou mening is vir ons belangrik en kan verdere menings of ondersoeke stimuleer. Geldige kritiek en meningsverskille is aanvaarbaar, maar hierdie is nie 'n platform vir haatspraak of persoonlike aanvalle nie. Kommentaar wat irrelevant, onnodig aggressief of beledigend is, sal verwyder word. Lees ons volledige kommentaarbeleid hier

komonskliek
DEEL VAN NETWERK24
MANS VROUE

Rentia47
Ek is 'n kind van God en dis baie belangrik vir my. Ek hou daarvan om iemand te bederf. Ek verkies om eerder 'n romantiese aand tuis
Sien die Profiel

EkSoek
Ek soek my deksel. hierdie pot is vol liefde, aanvaarding, begrip, toewyding, vergifnis, eerlikheid, vertroue, opregtheid, respek,
Sien die Profiel

VrolikeLag
Sonder Jesus maak my lewe nie sin nie. Ek ondersteun die beweging vir SJOKOLADE VIR ONTBYT!:) Avonture, hartsmense, musiek,
Sien die Profiel

Wys Meer

SOEK

ALLE REGTE VOORBEHOU © 2017 MEDIA24